GARSVALLEI SING KAMP

Grootste Liedere van Afrikaanse Sang (GLAS kamp)

Goeiedag GLASkampers,

Kom geniet een van die beste kampe!

Ouers en Offisiere, kom kamp saam. Volwassenes en verkenners, stof daardie kitaar af en bring hom saam en as jy nie weet hoe om te tokkel nie, dan leer ons jou hoe. Ons skep geleentheid vir die volwassenes wat nog nie die Speletjies volwasse kursus gedoen het nie, om dit hier op ons GLASkamp te kom doen en die jaar bied ons ook Fotografie vir Bemarking vir volwassenes aan.

Komaan! Kom sing en speel saam!

Die GLASkamp is 'n Gebieds Goedgekeurde Naweek en Graad 7's kan kom om Voorslagliedjies in te skerp **EN AL DIE NUWE VOORSLAGLIEDJIES te LEER** en nog 'n paar ekstra punte bymekaar maak vir jou Voorslagkamp inskrywing!! MOENIE WAG NIE, SKRYF NOU IN!

Spesialisasies wat ons aanbied:

- **Gr 1 & Gr2** **Lekker Sing**
- **Gr 3** **Volkspele**
- **Gr 4** **Sang**
- **Gr 5** **Boeresport**
- **Gr 6 & Gr 7** **Musiek en Sang**
- **Verkenners** **Verkenner Sang + Kampvuurkonsert** – Enige verkenner, Gr 8 – Gr 12 kan kom "lekker saam sing"
- **Verkenners** **Volksdanse –** Enige verkenner Gr 8 – Gr 12 kan kom "lekker saam dans"
- **Volwassenes** **Speletjies**
- **Volwassenes** **Kitaarspel**
- **Volwassenes** **Fotografie vir Bemarking**

DATUM (*van die beste kamp ooit*): **4 - 6 Mei 2018**

TYD : Vrydag, 18:00 – Sondag, 13:00
Arriveer, registrasie, kamertoedeling en tent opslaan 16:30 – 17:55

PLEK : Hartbeesfontein, Voortrekkerplaas sowat 50km Noord van Pretoria
GPS Koordinate: 25°26'54.16"S en 28°30'49.80E

KOSTE : R400 per jeuglid/volwassene.
R110 per kind voorskools (kleuters tot en met Gr R).
Dagbesoekers : R100 per persoon.
(Afslag beskikbaar vir gesinne van meer as 3 persone wat die hele naweek saam kamp, kontak Annemare de Kock)

INBETALING: : Garsvallei Kommando
ABSA tjekrekening 1015 722 033, takkode 632005
Verwysing: SING & verkorte kommandonaam
Stuur asb inbetalingsbewys aan garsvallei.finansies@gmail.com of faks na 086 663 1563. Geen toelating tot die kamp sonder betaling nie.

ADMINISTRASIE : Inskrywingsvorms (en L11 indien nodig vir nie-ingeskrewe lede) met opsommingsblad moet asb per Kommando deurgestuur word na **garsvallei@gmail.com**

Vorm A – Spesialisasies (alle Jeuglede)
Vorm B – Spesialisasie/kursus (Volwassenes)
Vorm C – Kleuters tot Gr R
Vorm D – Kommando opsommingsblad

Sluitingsdatum vir inskrywings en betaling: Maandag 23 April 2018.

Alle volwassenes wat kom saam kamp word gevra om asseblief in te skakel by een van die kursusse wat vir die volwassenes aangebied word. Daar is reeds genoeg hulp by die onderskeie spesialisasies en ook in die kombuis en ons wil juis die volwassenes ook die geleentheid te gee om hulle batterye te laai deur self lekker te sing en te speel.
Daar gaan toesig en aktiwiteite wees vir die kleuters tot en met Gr R.

Graad 1 tot Graad 5 kinders slaap in lokale en res van die jeuglede moet eie tente voorsien asb. Indien slegte weer voorspel word sal al die kinders in lokale ingedeel word. Volwassenes slaap in tente/karavane wat apart van die kinders opgeslaan word. Beperkte aantal kragpunte is beskikbaar vir volwassenes.

VERVOER na en van die kamp moet SELF gereël word.

Neem asseblief kennis dat die kitaargroep nie 'n amptelike kursus is nie. Ons het wel kennis geneem van verskeie kommando's wat graag sang wil doen in kommando verband maar wat begeleiding benodig. Hierdie kursus word dus op 'n informele wyse aangebied en is bedoel vir die beginner speler wat bloot die basiese beginsels van kitaarspel wil aanleer.

KAMPDISSIPLINE:
Dit is belangrlik om ag te slaan op die volgende (minimum) kampreëls waaronder u, u self en u kind onderwerp by die ondertekening van die inskrywingsvorm:

- Volgens die Grondwet en reglemente van Die Voortrekkerbeweging, is die kampleier verantwoordelik vir die hantering van dissipline op die kamp. GEEN persoon mag die kampterrein betree of verlaat sonder die toestemming van die kampleier nie.
- Alle kroniese medisyne/antibiotika, ens. wat deur kursusgangers geneem word, MOET by noodhulp ingeteken word sodat die Noodhulp persoon kan toesien dat die betrokke kind sy/haar skedule volg, soos voorgeskryf. Dit word ook koel en in veilige bewaring gehou vir die duur van die kamp.
- Elektroniese ware (bv. selfone en ander duursaamhede) word op EIE risiko op die kamp geneem. Geen selfone, iPods, Notepads, ens word in die kursuslokale toegelaat nie. Vir ENIGE navrae/noodgevalle, kan die kampleier of kampadministrasie gekontak word. Sien telefoonnommers onder.

Kom geniet 'n bietjie pret en plesier op die Vorie-manier!

Kom sing saam
O, kom sing saam
Hier by 'n kampvuur in die donker kom sing saam

GLASkamp Groete,

Linda Botts — *Jan-Albert de Kock*

Kampleier — **Garsvallei Kommandoleier**
G.L.A.S. kamp
(Grootste Liedere van Afrikaanse Sang kamp)

Navrae: Linda 084 680 6860 (Kampleier)
Liesl 082 786 7485 (Kamp Adjudant + Admin)
Annemare 083 554 2181 (Finansies)

SAAMBRINGLYSIES:

<u>Almal</u> bring saam:

- Bybel
- Nota boekie en skryfgoed
- Flits (met nuwe batterye)
- Net een musiek instrument **as jy self kan speel** (kitaar, blokfluit, viool, trompie, ratel, harmonika, ens.) Dis baie belangrik dat die instrument in 'n beskermende tas/sak/houer moet kom. Kampbestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir beskadigde of verlore musiek instrumente nie. ***Hierdie item is nie verpligtend nie!!***
- Alle Voortrekkers moet arriveer in aktiewe voortrekkerdrag. Spandrag kan gedra word vir die res van die naweek.
- Ander gemaklike klere ook vir 2 dae, (T-hempies met moue asseblief!)
- Warmdrag vir langs die kampvuur
- Handdoek
- Toiletsakkie met seep, tandeborsel en tandepasta, waslappie, sjampoe
- Bordesak met: bord, beker, poeding bakkie, mes, vurk, lepel, waslappie, afdrooglappie
- Waterbottel
- Tekkies/toeskoene met kouse.
- Hoed
- Sonbrandroom **(BAIE BELANGRIK)**
- **SNOEPIE GELD –** daar is 'n snoepie met lekkernye te koop op die kamp, so moenie die snoepie geld vergeet nie!

<u>Graad R ONTDEKKERS:</u>

- 1 x blikbeker
- 4 x bierbottel proppies
- Kombers & kussing
- Klere vir heel naweek wat kan vuil word

<u>Graad 1 & 2 LEKKER SING:</u> Geen ekstra benodigdhede

<u>Graad 3 VOLKSPELE:</u>

- Dogters: wye rompie (as jy het)
- Seuns: Denim langbroek

<u>Graad 4 & 5 SANG:</u>

- Bring 'n musiek instrument saam kamp toe. Dit kan enigiets wees wat musiek (of geraas) maak soos bv. 'n ratel met draad en staal plaatjies/koeldrank doppies, 'n trom gemaak van koffieblik en slaan stokkies ens.

<u>Graad 6 & 7 MUSIEK EN SANG:</u> Geen ekstra benodighede

<u>Verkenner SANG + KAMPVUURKONSERT:</u>

- Bring saam jou gunsteling Afrikaanse CD's (moet nie spesiaal gaan koop nie!!) sowel as die woorde van jou gunsteling Afrikaanse liedjie(s)

<u>Verkenner VOLKSDANSE:</u>

- Gemaklike skoene om mee te dans
- Waterbottel

<u>Volwassenes SPELETJIES</u> : 'n Idee om 'n nuwe speletjie te ontwikkel, en toerusting daarvoor.

<u>Volwassenes KITAARLESSE:</u> *(beginner speler wat bloot die basiese beginsels van kitaarspel wil aanleer)*

- Kitaar
- Stemapparaat ('tuner') as jy ene het (selfoon kan ook gebruik word as die "app" afgelaai is)
- 50 bladsy 'Flip file'
- Skryfblok & Skryfbehoeftes
- 'n 'Capo' as jy ene het (nie verpligtend nie).

Volwassenes FOTOGRAFIE:

- Kamera